

DEEL I.  
FONETIEK.

## HOOFSTUK I.

### ALGEMENE INLEIDING.

#### DEFINIESIE VAN FONETIEK EN ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE WETENSKAP.

1. Fonetiek is die wetenskap wat handel oor die vorming en die uitspraak van spraakklanke, d.w.s. die wetenskap wat ondersoek waar en hoe 'n spraakklank gevorm word (die betrokke spraakorgane en die stand wat hulle inneem), en wat die indruk is wat die klank op die oor maak.

2. Onder spraakklanke word verstaan klankuitinge wat opsetlik deur die spraakorgane voortgebring word, en in klankgroepe verenig word om by spreker en hoorder 'n bepaalde betekenis voor die gees te roep.<sup>1</sup>

3. Fonetiek is 'n wetenskap wat eers in die neëntiende eeu opgekom het, veral in die tweede helfte van die eeu.<sup>2</sup> In die sewentiger jare het dit 'n hoë vlug geneem, soos trouens die taalwetenskap in die algemeen. Sedert die tyd het die wetenskap geweldig vooruitgegaan, 'n vooruitgang wat nog altoos voortduur. Weliswaar is die waarde van die wetenskap deur baie geleerdes onderskat of in twyfel getrek, deur ander selfs nie as wetenskap erken nie; vandag egter sal niemand met kennis van sake hetsy die een, hetsy die ander doen nie.

#### DIE STUDIE VAN FONETIEK MOET BEGIN BY DIE MOEDERTAAL.

4. Waar enigsins moontlik, moet die studie van fonetiek beginne met die klanke van die moedertaal. Dis alleen dan wat 'n mens volkome seker is van die uitspraak van 'n klank en dit kan herhaal so dikwels as nodig mag wees, twee onontbeerlike vereistes ten einde sekuur na te gaan wat die artikulasie van 'n klank is en wat die indruk is wat dit op die oor maak. By vreemde klanke daarenteë gebeur dit maar alte dikwels dat iemand nie seker is van die uitspraak van 'n klank nie, of, wat nog erger is, meen dat hy die korrekte uitspraak gee, terwyl dit volstrek nie die geval is nie. Waar iemand 'n dialek praat, kan dit in seker gevalle nodig wees om selfs daarmee te beginne. Prakties sal dit oor die algemeen egter nie moontlik wees nie en gewoonlik ook nie noodsaaklik nie, omdat die dialekspreker wat die vak opneem tog deurgaans vertrouwd is met die standarduitspraak.

<sup>1</sup> 'N beredeneerde definisie van 'n spraakklank gee Jespersen, *Phon. Grundfragen*, §108.

<sup>2</sup> Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 23 en Meyer, *Untersuchungen über Lautbildung*, bl. 1.

5. Dan is by die studie van fonetiek nodig 'n geoefende oor. Daarsonder kan 'n klank nie behoorlik gevat en van ander onderskeie word nie. Veral by die studie van vreemde tale mag nie verflou word om die oor te oefen nie, deur nl. die bewuste klank vir 'n leermeester, of vir 'n bevoegde landsman, uit te spreek tot die korrekte uitspraak verkry is. Die oor is aanvanklik miskien stomp, maar deur oefening kan dit geskerp word om die fynste nuanses op te merk. En met hoe meer vreemde tale 'n mens hom vertrou maak, des te meer word die oor geskerp.<sup>1</sup>

### ⊗ DIE WAARDE VAN FONETIEK.

6. Uit die aard van die saak sal die waarde van hierdie wetenskap eers in minder of meerder mate blyk wanneer iemand hom daar redelikerwyse mee vertrou gemaak het. Dis ewenwel goed om nou reeds op die volgende punte te wys.

#### 1°. *Fonetiek gee insig in die wese van 'n klank.*

7. Dis alleen deur middel van fonetiek dat iemand in staat gestel word om volkome vertrou te raak met die vorming en klank-effek van spraakklanke, sowel die van die eie taal as die van vreemde tale.

8. Die fonetikus word deur die publiek dikwels beskuldig van doktrinêr en outokraties te wees, en bepaalde uitsprake te wil voorskrywe. Niks is egter verder van die waarheid af versover dit die ware fonetikus betref nie. Wie hom wêl hieraan skuldig maak is die leek. Hoe vermaaklik is dit nie soms nie om leke, te pas en te onpas, seker uitsprake te hoor bestempel as die enigste of die enigs korrekte, terwyl daar in die werklikheid verskillende uitsprake van die woorde in kwessie bestaan en selfs meer gangbare as wat hulle op die oog het.

Die ware fonetikus is nie doktrinêr of outokraties in sy oordeelvellinge nie. Hiermee het fonetiek niks te doen nie. Die egte fonetikus wil sy oor skerp om klanke waar te neem en te beskrywe.<sup>2</sup> Dat hy, as 'n natuurlike gevolg van die beoefening van sy vak, konstateer hoe die meeste sprekers die klanke uitspreek of watter uitsprake die meeste aanbeveling verdien, is glad 'n ander saak. Hiertoe is hy ewenwel bevoeg en geregtig.

#### 2°. *Fonetiek maak los van die tradisionele spelling.*

9. Dit is 'n punt van besonder veel belang. Die gewone ortografie is, op sy beste, 'n gebrekkige middel om die klanke weer te gee. Ons gebruik dieselfde letterteken *o* in *kol* en *kole*; tog stel

<sup>1</sup> Vgl. Jespersen, *Phon. Grundfragen*, §141.

<sup>2</sup> Raak is die opmerking van Wyld, *Historical Study of the Mother Tongue*, bl. 61, in hierdie verband: „It cannot be too strongly insisted upon that the student must cultivate a *phonetic conscience*, and study the sounds of his own natural speech *as they are*, without attempting to change them or “fake” them in any way.”

dit twee glad aparte klinkers voor. Dit is een geval uit baie en is te vind in elke spelling.

10. Dan weer is die gewone spelling dikwels 'n verouderde klankweergawe. So gebruik ons twee letters om die *ie*-klank voor te stel in 'n woord soos *nie*, dog een om die twee klanke (tweeklank) voor te stel in 'n woord soos *by*. Vir vroeër egter was dit 'n korrekte weergawe van die uitspraak. Ons het die bewuste spellings natuurlik uit Nederlands oorgeneem, met verandering van Ndl. *ij* in *y*, en vandag is dit vir Nederlands net so ongerymd as vir Afrikaans. Vir vroeër Nederlands ewenwel staan die saak anders. In ouer Nederlands het *ie* 'n diftong<sup>1</sup> voorgestel, *ij* daarenteë 'n monoftong, sodat dit heeltemal reg was om in die eerste geval twee lettertekens, in die tweede daarenteë een te gebruik.<sup>2</sup>

11. Veral die Engelse spelling, wat baie konserwatiewer is as die Afrikaanse of die Nederlandse, is ryk aan sulke verouderde klankweergawes. Laat ons een duideliksprekende voorbeeld neem. Die lang monoftong *i* word deur *ea* voorgestel in *ease*, maar die tweeklank in *time* net deur *i* (hier gelyk aan die helder kort *a* plus kort *i*), terwyl die slot-*e* in altwee gevalle oorbodig is. Sodoende word hierdie twee woorde vandag hopeloos inkonsekwent gespelle, maar van die vroeër uitspraak is die spellings 'n korrekte weergawe.

12. Hoe noodsaaklik dit is om losgemaak te word van die tradisionele spelling en watter parte dit 'n mens dikwels speel, blyk veral by die studie van vreemde tale. Die *u* van Eng. *burn* is dieselfde klank as die *i* van Eng. *sir*, die *o* van Eng. *one* is dieselfde klank as die *u* van Eng. *but*. Nou spreek die Hollandse Afrikaner die klinker in *sir* en *but* prakties-korrek uit, maar solank dit nie goed onder sy aandag gebring is nie (en dan sondig hy nog dikwels), maak hy die *u* van *burn* deurgaans te dik, te vol en die *o* van *one* te veel soos 'n kort Afr. *o*. Dit doen hy bloot onder die invloed van die spelling. Hy gee onbewus aan die Engelse lettertekens klankwaardes wat die lettertekens in sy eie taal besit. Dis hier nie 'n geval van 'n uitspraak wat enige moeite gee nie, dis bloot parte wat die spelling hom speel.

13. Om praktiese redes word spellings soos die in §§ 9 en 10 tog behou. Dit het egter 'n baie nadelige kant: dit is oorsaak dat nie lewendig besef word dat 'n taal nie uit lettertekens bestaan nie, maar uit klanke. Hoe afwesig hierdie besef is, ook by persone wat so baie taalkennis besit dat so iets totaal onmoontlik behoort

<sup>1</sup> Vgl. Franck, *Mittelniederländische Grammatik*<sup>2</sup>, § 4 en Barnouw, *Beatrijs* (Oxford University Press), inleiding, § 7.

<sup>2</sup> Ndl. *ij* het oorspronklik 'n lang *ie* klank voorgestel, waarvan ons nog oorblyfsels het, maar dan kort, in vorme soos *miet*, *stiegi*(riem), Ndl. *mijt*, *stijg*(riem). Die spelling *ij* het ontstaan uit die verdubbeling van die letterteken *i* (ter aanduiding van die lengte), d.w.s. *ii*: om te voorkom dat *ii*, by toevallige weglating van die twee tittels, met *u* kon verwar word, het die tweede *i* 'n beentjie gekry (vgl. Barnouw, *aldaar*, § 8).

te wees, weet die fonetikus maar alte goed.<sup>1</sup> Alle gesonde taal-  
 onderwys moet dan ook uitgaan van hierdie grondwaarheid en dit  
 steeds op die voorgrond hou: 'n taal bestaan uit klanke, nie uit  
 lettertekens nie.

#### DIE FONETIESE ALFABET.

14. Daarom is dit so goed dat die fonetikus 'n aparte alfabet  
 gebruik, waarby elke klank deur 'n aparte letterteken voorgestel  
 word. Dit word genoem 'n fonetiese alfabet. Ons volg die alfabet  
 van die „Internasionale Fonetiese Vereniging”, waarvan die  
 hoofbeginsels nader behandel word in hoofstuk VII.<sup>2</sup>

15. By die onderwys in fonetiek is 'n onontbeerlike hulpmiddel  
 fonetiese diktee, eers van afsonderlike woorde, later van sinne en  
 deurlopende passasies. Sommige leermeesters dikteer ook soge-  
 naamde „onsin-diktee”, d.w.s. willekeurig gegroepeerde klank-  
 groepe. Dis egter die vraag of klankassimilasies altoos voldoende  
 vasgestel kan word by sulke kombinasies.

3°. *Kennis van fonetiek is onmisbaar by die studie van vreemde  
 tale en die onderwys in vreemde tale.*

16. Wie foneties-onderleg is en op eie houtjie 'n vreemde taal  
 studeer uit boeke wat die fonetiese metode volg, die sal baie gouer  
 en baie beter vooruitgaan as wanneer dit nie die geval was nie. Dit  
 weet iedereen met kennis van sake.

17. Wat betref die onderwys in 'n vreemde taal, dink maar aan  
 die moeite wat die Hollands-Afrikaanse kind het met die Eng.  
*th* in bv. *south* of die Eng. *w* in bv. *was*. Die nie-fonetiese metode  
 sou wees om die kind die klanke net deur navolging te laat leer,  
 wat maande of selfs jare kan duur! Wie foneties-onderleg is hoef  
 maar net aan die leerling te sê dat hy in die eerste geval die punt  
 van sy tong tussen die bo- en ondertande moet plaas, in die tweede  
 geval die lippe moet vooruitsteek en rondmaak.

Aan die ander kant het die Engelsman o.a. groot moeite met die  
*uu* van bv. Afr. *nuus* en die *eu* van Afr. *neus*. Dis egter net nodig  
 om hom die *ie* van 'n woord soos *nie* te laat uitspreek en die *ee*  
 van 'n woord soos *twee*, twee klanke wat hom geen moeite kan  
 gee nie omdat hy dergelike het in sy eie taal, en daarby die lippe  
 'n bietjie rond te laat maak (niè vooruit te laat steek nie!). Hoeveel  
 moeite en tyd word nie op die manier bespaar nie! Hiermee is  
 egter net gesê dat die leermeester foneties-geskool moet wees,  
 allermens dat hy die leerlinge met fonetiese ballas moet oorlaai!

<sup>1</sup> Vgl. oor die verbreidheid van hierdie toestand van sake en oor vermoede-  
 like oorsake daarvan Jespersen, *Language*, bl. 23-24 en Delbrück, *Einleitung*,  
 bl. 2.

<sup>2</sup> Verskillende onderwysmanne van die vasteland van Europa het hulle  
 taalonderwys in die laerskool beginne met die fonetiese alfabet, wat maklik  
 toegepas word, en pas later die leerlinge met die gewone alfabet laat kennis-  
 maak, en iedereen van hulle verseker ons dat die resultate uitstekend was  
 Vgl. Jespersen, *How to Teach a Foreign Language*, bl. 171 volg.

4<sup>e</sup>. *Fonetiek stel in staat om die landsman so dig moontlik te benader.*

18. Dis nie nodig om hier in te gaan op die vraag of dit op min of meer volwasse leeftyd moontlik is om vreemde klanke volmaak soos die landsman te leer uitspreek nie. Ons volstaan met daarop te wys dat daar by elke klank 'n seker speelruimte van artikulasie bestaan,<sup>1</sup> (vgl. § 169), waarbinne die klank van die vreemdeling, hoewel moontlik duidelik herkenbaar as nie die van die landsman nie, tog prakties-korrek sal wees, teen alle misverstand sal vrywaar en veel juister sal wees as van die gemiddelde nie-foneties-ge-skoolde nie.

Hierdie speelruimte is natuurlik van onbepaalde omvang en laat toe dat verskillende sprekers, terwyl hulle die grense nie oorskry nie, tog nader by of verder van die norm bly. Fonetiek wil in hierdie verband nie in die eerste plaas „aksentvry” (vgl. § 168) maak nie, wêl die aandag bepaal by die wese van die klank en van sy artikulasie.

19. Dan moet onthou word dat die aanleer van 'n vreemde taal nie bloot 'n saak is van juiste uitspraak, grammatikale korrektheid en idiomatiese gebruik nie. Behalwe hierdeur, word daar 'n vername plek ingeneem deur klem en intonasie, wat eweneens in 'n fonetiese transkripsie aangeduie word (kyk hoofstukke XXII en XXIV).

20. Foute op hierdie laaste gebied klink partykeers net vreemd of lagwekkend. So, wanneer die Afrikaner in sy Nederlands uitspreek 'juffrouw, 'goedkoop, melanko'lie, terwyl die Hollander sê juf'frouw, goed'koop, melan'kolie.

In dië tale daarenteë waar intonasie 'n groot rol speel, d.w.s. betekenisonderskeidend is, soos o.a. in Indiese en Afrikaanse inboorlingtale, daar kan die verontagsaming of verkeerde aanwending van intonasie oorsaak wees van totale misverstand. In Burmees beteken *phā*—(met gelykmatige toon) „koffer”, *phà* (met dalende toon) daarenteë beteken „padda”.<sup>1</sup> In Sepedie (Transvaal-Sesuto) beteken *bônà*<sup>3</sup> (met dalende toon) „sien; kyk”, —*b`ôná* (met dalend-stygende toon) daarenteë beteken „hulle”.

5<sup>e</sup>. *Kennis van fonetiek is onmisbaar by vergelykende taalstudie.*

21. Wie klankveranderinge te boek stel sonder 'n fonetiese basis, die noteer oorgange op papier sonder om te weet waarom. Hy loop gevaar van te vergeet dat 'n taal bestaan uit klanke en nie uit lettertekens nie. Dis wonderlik, maar nie minder waar nie,

<sup>1</sup> Vgl. Meyer, *Untersuchungen über Lautbildung*, bl. 7.

<sup>2</sup> Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*<sup>3</sup>, § 4. Die *h* duie hier aan aspirasie, soos o.a. kan gehoor word in Engels, bv. by die *t* van 'n woord soos *tip*, met die verskil dat die aspirasie in Burmees baie sterker is.

<sup>3</sup> Spreek uit *vɔ:na* en *vɔ:ná*.

dat op hierdie gebied nog vandag dikwels gesondig word deur persone met so veel taalkennis dat so iets onmoontlik moes wees.<sup>1</sup>

6°. *Kennis van fonetiek is onmisbaar by die opteken van dialekte en inboorlingtale.*

22. By totnogtoe onopgetekende tale en taalvorme is dit van dubbel belang om die juiste uitspraak en intonasie weer te gee. Wie nie foneties-onderleg is nie, is nie in staat om dit te doen nie. Daar's genoeg grammatikas van inboorlingtale, opgestel deur sendelinge met 'n voortreflike eerstehandskennis van die taal, om die juistheid van hierdie opmerking te staaf.

#### STANDARDUITSPRAAK.

23. Dis bekend dat 'n taal nie eners gepraat word oor die hele spraakgebied nie: en dit geld nie alleen van die persone wat in minder of meerder mate 'n dialek praat nie; ook opgevoede, beskaafde persone besit verskille in hulle uitspraak. Goed beskou, is daar nie twee persone wat volkome eners praat nie. Selfs een en dieselfde persoon spreek verskillend, alnate hy 'n gewone gesprek voer, 'n voordrag of redevoering hou, vrolik gestemd is of neerslagtig.

24. Tog praat ons van *standarduitspraak* of *algemeen-beskaaf*.<sup>2</sup> Wat moet hieronder verstaan word? Dit gaan nie aan om SU. nader te omskrywe as die beste of beskaafde uitspraak, òf die van die ontwikkelde nie. In hierdie verband is sulke terme bloot relatief. Daar is baie ontwikkelde mense wat nie die sogenaamd beskaafde uitspraak van hulle moedertaal besit nie.

Objektief gesprek, is daar oor die algemeen ook nie so iets as „beskaaf” of „onbeskaaf” ten opsigte van die uitspraak nie. Dieselfde is op te merk omtrent terme soos „goed”, „beste” of „mooi”. Weliswaar sal gereedelik toegestem word dat die *g* van *geld*,<sup>3</sup> sagter, m.a.w. mooier klink as die harder, middel-velêre *g* van 'n woord soos *goed*. Gevalle soos hierdie vorm egter die uitsondering.

25. Oor die algemeen is daar nie 'n absolute maatstaf vir wat mooi of beskaaf is insake uitspraak nie. Wat gewoon, d.w.s. algemeen gangbaar is, word beskou as die beste en die een volk se opvatting kan daarby lynregteenoorgesteld wees aan die van 'n

<sup>1</sup> Sweet sê in die voorwoord tot sy *Handbook* (1877): „Without a knowledge of the laws of sound-change, scientific philology . . . is impossible, and without phonetics their study degenerates into a mere mechanical enumeration of letter-changes.”

<sup>2</sup> N halwe eeu later moet 'n ander groot taalgeleerde en fonetikus nòg opmerk dat: „There are still too many writers on philological questions who have evidently never tried to think in sounds instead of in letters.”—Jespersen, *Language*, bl. 23.

<sup>3</sup> Respektieflik verkort tot *SU*. en *AB*.

<sup>3</sup> Sowel die voor-velêre *g* van sommige Afrikaners as die palatale *g* van ander (vgl. §§ 641 en 660), maar veral die laaste.

ander. Laat ons dit met 'n enkel voorbeeld ophelder. Die top-punt van vulgêriteit vir die Hollander is seker wel die uitspraak *vaiif* vir *vijf*, soos o.a. te hoor onder die volksklasse in Leide. Die Engelsman daarenteë spreek die *i* van die ooreenstemmende Eng. woord *five* nagenoeg netso uit en vir hom klink dit so beskaaf as iets. Waarom? Om die eenvoudige rede dat die betrokke Nederlandse uitspraak afwyk van die gewone en bowendien onder die laer stande aangetref word, terwyl die bewuste Eng. uitspraak algemeen gangbaar is. Reeds in 1821 het die Deen Bredsdorff gesê: „people will always find that euphonious which they are accustomed to hear”.<sup>1</sup>

26. Wat is dan te beskou as die beste uitspraak van 'n taal? Die beste uitspraak is die doelmatigste, d.w.s. die wat die spreker die beste laat verstaan word, nie deur sy volume of praktiesheid nie, maar deur sy gangbaarheid.

27. Waar sal hierdie uitspraak te soek wees? In 'n bepaalde streek of stad, bv. die hoofstad, of onder bepaalde stande, bv. die hoër stande (die beskaafdes) of die ontwikkelde klasse? By geen- een daarvan in eerste instansie nie. Die doelmatigste uitspraak is die algemeenste, die wat die spreker dus die meeste kans gee om deur die groots moontlike aantal mense verstaan te word. Dit is die sogenaamde *standarduitspraak* of *algemeen-beskaaf*.

28. Hoe ontstaan die standarduitspraak van 'n taal? Daar is twee moontlikhede: (a) die uitspraak van 'n bepaalde streek of stad, of van albei, word, ten gevolge van ekonomiese, politieke en kulturele oorwig, langamerhand die standarduitspraak, wat natuurlik nie opname van elemente uit ander dele van die spraak- gebied uitsluit nie; (b) die standarduitspraak is 'n abstraksie uit verskillende uitsprake, wat vanself langamerhand die hoof- of vernaamste stad tot middelpunt kry.

29. Die tweede moontlikheid is die opvatting van Jespersen.<sup>2</sup> O.i. moet ons stellig in die eerste die juiste verklaring sien, maar dan in die sin dat die SU. ontstaan het as die uitspraak van 'n bepaalde klas in 'n bepaalde streek. Dit is die sienswyse van verskillende vername Engelse outoriteite in verband met die ontstaan van Standard-Engels. Sweet sê: Standard-Engels is „a class dialect rather than a local dialect”<sup>3</sup>; Wyld sê: Standard-Engels is „a class dialect in its beginning, with London as a regional starting-point”.<sup>4</sup>

30. Dat die standarduitspraak meer 'n kladialek is, volg daaruit dat, hoewel dit (of altans een tiepe daarvan, vgl. § 36 b) die beste gehoor word in die grootste en vernaamste stad van die land, as

<sup>1</sup> In die vertaling van Jespersen, *Language*, bl. 278.

<sup>2</sup> Vgl. Jespersen, *Phon. Grundfragen*, bl. 32 volg. Hierdie artikel, getiteld „Die beste Aussprache”, is die volledigste en beste studie oor die onderwerp versover ons bekend. Ons het dan ook veel gebruik daarvan gemaak.

<sup>3</sup> Vgl. *Sounds of spoken English*, bl. 7.

<sup>4</sup> Vgl. *Modern Language Teaching*, Des. 1913, bl. 251.



bevattende in die ruimste mate wat die algemeenste is, in dieselfde stad tog een of meer van die vulgêrste taalvorme kan bestaan. Dat die SU. begin het as die dialek van 'n bepaalde gebied, volg daaruit dat die eerste aanleiding vir 'n bepaalde taalvorm om die standarduitspraak te word deurgaans uitgaan van die ekonomiese, politieke en kulturele oorwig van die gebied in kwessie.

31. Om SU. as 'n abstraksie te beskou is juis vir later, nie vir die begin nie. Gaandeweg neem die SU., deur wisselwerking, allerlei elemente op uit die ander streeksprake, met die gevolg dat die AB. uiteindelik meer elemente kan besit uit ander dialekte as uit die een waaruit dit oorspronklik voortgekom het. Namate dit gebeur, word meer en meer genader tot die abstraksie wat Jespersen aanneem. So sê Wyld van hedendaagse Standard-Engels: „to speak of the present Received Standard as London English seems to me fundamentally erroneous”,<sup>1</sup> en tog het dit so beginne volgens sy eie woorde hoërop aangehaal (vgl. § 29).

32. 'N mooi voorbeeld van hoe 'n streekspraak verhef word tot die standaardtaal is te sien in die geval van Nieunederlands, wat in hoofsaak voortgekom het uit die dialek van die provinsie Holland; vandaar dan ook die benaming „Hollands”. In die Middelnederlandse periode was die landstaal, versover daar toe reeds 'n algemene taal bestaan het, in hoofsaak Suidnederlands, en dan bepaald Vlaams, die dialek van die vernaamste provinsie van die Suide in daardie dae, met sy bloeiende stede Gent en Brugge.

Die Suidelike Nederlande was in daardie dae die Noordelike Nederlande op ieder gebied ver vooruit. Hierdie verhouding word anders tydens en ten gevolge van die Tagtigjarige Oorlog: die noordelike provinsies veg hulleself vry van Spanje, die suidelike daarenteë bly onder die Spaanse juk. Dit het beteken ongekende bloei vir die Noorde, teenoor stilstand en agteruitgang vir die Suide.

Van die noordelike provinsies was Holland, deur sy gunstige ligging en met sy weldra bloeiende stede Amsterdam, Haarlem en Leide, verreweg die vernaamste op politieke, ekonomiese en kulturele gebied. Die gevolg was dat vir die Nederlande in die wye sin van die woord die provinsie Holland die plek ingeneem het van Vlaandere en Hollands die plek van Vlaams.<sup>2</sup>

33. Hoewel die beste uitspraak dus nie in eerste instansie die van die hoofstad, hoër stande of ontwikkeldes is nie, is dit tog volkome korrek dat dit by voorkeur juis in daardie omgewinge ontwikkel. Dit is niks meer as natuurlik nie. Die grootste en ver-

<sup>1</sup> Vgl. *Modern Language Teaching*, Junie 1914, bl. 110. Met „Received Standard” word bedoel die standarduitspraak, terwyl afwykinge daarvan aangeduie word deur „Modified Standard”, vgl. *ald.*, Des. 1913, bl. 258.

<sup>2</sup> Sedert ongeveer 1890 kom Vlaams, met sy snelgroeiende en hoogstaande letterkunde, meer en meer sy plek opeis as die kultuurtaal van die Suidelike Nederlande. Ons het hier egter op die oog die tyd van die laaste kwart van die 16de eeu tot die tweede van die 19de, toe die Vlaamse Beweging ontstaan het, en daardeur die Vlaamse taal en letterkunde gaandeweg weer tot bloei gekom het.

naamste stad trek vanself die meeste persone uit die verskillendste dele van die land ; die hoër stande en ontwikkeldestes kom, deur die ligging van hulle woonplekke, deur hulle kultuur en geldmiddele, vanself meer in aanraking met hulle medelandgenote as enige ander klas van die samelewing en is diëntengevolge beter in staat om die toon aan te gee op die gebied van die uitspraak, soos op die van die taal in die algemeen. Dis dus natuurlik dat in daardie omgewinge die mees algemene in die ruimste mate moet aangetref word.

34. Baie interessant is in hierdie verband 'n klein statistiek van Jespersen, waaruit duidelik blyk hoe wisselend die bevolking van 'n groot stad is in vergelyking met die van 'n stadje of 'n distrik. Vir Kopenhagen, met 'n bevolking van 312,859, is 51 persent in die stad self gebore ; vir Ribe in Wes-Jutland, met 'n bevolking van 3,731, is 80 persent in die stad gebore ; vir die distrik Ringskøbing, eweneens in Wes-Jutland, met 'n sieleaantal van 90,057, is 90% daar gebore.<sup>1</sup> Dit is 'n duidelike bewys van hoe die vernaamste stad of hoofstad die beste bodem oplewer om, deur wisselwerking, die algemeenste, m.a.w. doelmatigste taalvorm en uitspraak te laat ontstaan.

35. Dië persoon besit dus die beste uitspraak wie se taal die minste spore oplewer van wat beskou word as dialekties, prowin-siaal of vulgêr ; wie se taal dus, om met die Duitser te praat, sogenaamd „dialekvyr” is. Dit is wat Jespersen bedoel waar hy sê dat dië persoon die beste uitspraak het van wie 'n mens nie kan sê waar hy vandaan kom nie.<sup>2</sup>

36. Ter aanvulling van wat in die voorafgaande §§ gesê is, moet op twee punte gewys word :—

(a) 'N kleiner of groter deel van elke dialek van 'n land val, ook wat die uitspraak betref, saam met die van die standaardtaal waartoe dit behoort. As dit nie die geval was nie, dan sou ons nie kan praat van 'n hoofvorm van die uitspraak en soveel byvorme nie. Dis soos 'n aantal sirkels wat mekaar sny en op die manier 'n gemeenskaplike gebied oplewer van kleiner of groter omvang.<sup>3</sup>

(b) Dis moontlik dat daar in 'n land meer as een tiepe van SU. bestaan, sonder dat gesê mag word dat die een beslis die voorrang het bo die ander. Die tyd kan hierin natuurlik verandering bring. So waarsku Jones in sy *Outline*<sup>4</sup> die leser nadruklik om nie te dink

<sup>1</sup> Vgl. *Phon. Grundfragen*, bl. 42.

<sup>2</sup> Vgl. *Phon. Grundfragen*, bl. 39 : „Sie (d.i. die „Reichssprache”, m.a.w. die SU.) wird am besten von denjenigen gesprochen, deren Heimat man nicht an der Sprache erkennen kann.”

Dieselfde gedagte druk Lloyd uit met die woorde : „The best English is that which avoids vulgarities of every class and gives the fewest signs of locality” (*ald.*, bl. 48), en Sweet waar hy sê : „The best speakers of Standard English are those whose pronunciation, and language generally, least betray their locality” (*Sounds of English*, bl. 7).

<sup>3</sup> 'N grafiese voorstelling hiervan gee Dumville, *Science of Speech*,<sup>2</sup> bl. 156.

<sup>4</sup> Vgl. sy *Preface*, bl. vi-vii.

dat, waar hy die Suid-Engels van die „great public boarding schools” as norm aanneem, hy dit as die enigste standard beskou wil hê nie. Sy bedoeling is net om een van die tiepes van Standard-Engels te beskrywe, want, so gaan hy voort, „many other kinds of pronunciation exist.<sup>1</sup> Dis van die grootste belang dat ons, met ons jong kultuur en nog baie jonger taalstudie, let op uitsprake soos hierdie. Aan die een kant is ons so gou om onself tot outoriteit op te werp en is ons dadelik klaar met ’n uitspraak; aan die ander kant word blindelings gesweer by die een of ander segsman.

37. Daar moet duidelik onderskeie word tussen „standard-uitspraak” en „tiepe van uitspraak”. Die tweede vorm ’n onderdeel van die eerste. Dit kan beperk wees tot ’n kleiner of groter gebied, bv. ’n dorp of stad of distrik, ens. Die aantal tiepes is onbepaald. As daar meer as een SU. bestaan, dan moet daar seker gemeenskaplike kenmerke wees op grond waarvan die tiepes tot die een of ander hooftiepe gereken word.

38. ’N tiepe kan op alle essensiële punte ooreenkom met die SU., of dit in minder of meerder mate nie doen nie. Iemand kan by die beskrywing van klanke een of ander tiepe as arbeidsveld kies, sonder die minste bedoeling om daarmee ’n standard neer te lê of selfs aan te beveel.

39. ’N tiepe is in eerste instansie beperk tot ’n bepaalde lokaliteit, in die tweede plaas is dit beperk tot ’n bepaalde klas of beroep.

40. In die geval van ’n jong taal, soos Afrikaans, kan ons natuurlik lank nie met dieselfde mate van sekerheid as in die geval van ’n ou kultuurtaal ’n bepaalde streek, veel minder stad, as gebied van die SU. aanwys nie. Tog sal elke opgevoede Hollandse Afrikaner dit nie moeilik vind nie om, op alle essensiële punte, te besluit of ’n uitspraak moet beskou word as „goed”, ja of nee. Met inagneming van die omstandighede mag ons dan ook met die volste reg praat van die *standarduitspraak van Afrikaans*.

41. Daar is duidelik twee tiepes van SU. in die geval van Afrikaans, soos later in hierdie werk nader sal blyk: ’n suidelike tiepe, nl. die van die Westelike Provinsie, en ’n noordelike tiepe, nl. die van die res van die spraakgebied, insonderheid die binneland van die Kaapkolonie, die Vrystaat en die Transvaal. Elkeen van hierdie twee tiepes het in sy eie gebied tiepes van kleiner omvang, waarteenoor hy as hooftiepe staan.

Hoe die gebied van die twee hooftiepes sal ontwikkel, sowel teenoor mekaar as teenoor die bytiepes, is iets wat aan die toekoms moet oorgelaat word.

**Literatuur.**—Behalwe die reeds genoemde, verwys ons in verband met hierdie onderwerp, nl. standarduitspraak, na die volgende: Wyld, *Modern Language Teaching*, Des. 1913, bl. 249-264; Dumville, *Science of Speech*,<sup>1</sup> bl. 150 volg.

<sup>1</sup> Dis dan ook bekend dat twee tiepes algemeen erken word, nl. ’n suidelike tiepe en ’n noordelike tiepe.

## VERSKEIDENE NUANSES VAN UITSpraak.

42. Persone wat die SU. besit, of 'n SU., het nogtans verskille in hulle uitspraak (vgl. §§ 23 en 36 b). Die verskille is dan ewenwel nie so groot dat daaruit 'n bepaalde lokaliteit kan afgelei word nie (vgl. § 35). So sal die een Afrikaner sê *hinder* en *swim*, die ander daartenteë *hender* en *swem*, terwyl altwee dieselfde SU. kan besit.

43. Naas en teenoor persoonlike verskille in uitspraak bestaan daar groter afwykinge. Ons onderskeie hier twee soorte: *pro-winsialisme* en *vulgêrisme*.

44. Met 'n *pro-winsialisme* word bedoel 'n afwyking van die SU. wat nie so groot is dat daaruit tot die bestaan van 'n dialek<sup>1</sup> mag besluit word nie, maar tog groot genoeg om op 'n bepaalde lokaliteit te wys (die herkoms van die spreker te verraaï): so wys *nooi* en *more* in die rigting van die binnelande, *nôï* en *môre* daarenteë in die van die Westelike Provinsie.

45. Met *vulgêrisme* word bedoel 'n uitspraak wat verbind word met die onontwikkelde, die minder klasse: voorbeelde is *sjee*, *tint*, *neggie* vir *gee*, *tent*, *niggie*.

**Opm. 1.**—Daar is nog 'n derde nuanse van uitspraak, nl. die *gemeensame* („slang”). Ons kan dit omskrywe as 'n opsetlike afwyking van die norm. Hierdie tiepe onderskeie hom daardeur van 'n *vulgêrisme* dat dit nie beperk is tot 'n bepaalde klas nie en iets opsetliks is.

**Opm. 2.**—Hierdie tiepe pas egter nie eintlik in 'n boek oor fonetiek nie, omdat dit gewoonlik betrekking het op die woordgebruik, die buigingsvorm of die konstruksie, nie op die uitspraak nie.

'N voorbeeld van *gemeensame* uitspraak, altans vir die Westelike Provinsie, is *lillik* vir *telik*. Voorbeelde het ons ook waar 'n kind of mindere se uitspraak opsetlik nagevolg word.

**Opm. 3.**—Die grens tussen 'n *gemeensame* uitspraak en 'n *vulgêrisme* is soms vaag. Vgl. verder oor hierdie onderwerp Jespersen, *Language*, bl. 298-301.

46. 'N *pro-winsialisme* kan tegelykertyd 'n *vulgêrisme* wees. So is die uitsprake *more* en *nooi* vir die besitters van die SU. van die Westelike Provinsie 'n *pro-winsialisme*; tegelykertyd word hulle in gemelde gebied min of meer as *vulgêrisme* gevoel deur die persone wat die SU. besig, omdat die vorme daar wel nie onbekend is nie, maar gewoonlik by die minder stand gehoor word. Aan die ander kant kan *môre* en *nôï* van die Westelike Provinsie daarbuite wel as *pro-winsialisme* gevoel word, maar nie as *vulgêrisme* nie, omdat dit nie die vorme van die minder stand in daardie dele is nie.

47. Die SU. grens aan die een kant aan die *pro-winsialismes*, aan die ander kant aan die *vulgêrismes*. In die eerste geval kan die grens soms baie vlottend wees, in die tweede is hy min of meer skerp.

Tog kan ook by *vulgêrismes* die grens vlottend wees en moet in ieder geval altoos onthou word dat terme soos „*vulgêr*”, „*minder*

<sup>1</sup> Dit spreek natuurlik vanself dat dit by 'n dialek nie alleen afhang van die omvang van die afwykinge nie, maar ook van die aard en die aantal.

stand", ens. relatiewe begrippe is. Daar's beskaafde en geleerde Hollandse Afrikaners wat o.a. sê *tint* en *geskink* vir *tent* en *geskenk*. Vir die sodaniges is die eersgenoemde uitsprake dus heeltemal beskaaf, wat hulle betref, SU., hoewel dit vir die meerderheid van Hollandse Afrikaners stellig vulgêr is.

48. Ons wil daarop wys dat daar, behalwe die norm in die vorm van die SU., praktiese redes kan bestaan waarom seker uitsprake aanbeveel, ander afgekeur word. So is dit aan te beveel om die *uu* van *nuus* eerder meer as minder te rond, die *ee* van *nee* eerder verder as nader by die *ie*-klank (soos bv. in *nie*) te hou, omdat daardeur die duidelikheid, die onderskeidingsvermoë van die taal bevorder word.

49. Beskawing, verbetering van onderwys, verbetering van verkeersmiddele, ens. het onvermydelik ten gevolge dat die ver skeidenheid in uitspraak verminder. Uit historiese oogpunt is dit te betreur, maar dis niks meer as natuurlik nie: beskawing is nie baie anders as 'n selfbeteugeling, 'n onderdrukking van natuurlike neigings nie.<sup>1</sup>

**Literatuur.**—Oor hierdie afdeling verwys ons veral na die interessante artikel van Van Haeringen, getiteld „Eenheid en Nuance in beschaafd-Nederlandse Uitspraak”, in *Nieuwe Taalgids*, 18, bl. 65 volg. en na T. H. le Roux, *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans*, § 11 volg.

#### DIE OMVANG VAN FONETIEK.

50. Fonetiek omvat die uitspraak en vorming van alle moontlike spraakklanke. Terwyl die letterkundige, uit die aard van die saak, op die meer belangrike let en die minder belangrike verontagsaam, het die minder gewone of selfs sogenaamd vulgêre uitspraak vir die fonetikus soms juis die grootste waarde.

51. Fonetiek sluit nie net in die klanke van lewende tale nie, maar ook die van dooi tale. Uit die aard van die saak bestaan daar in die tweede geval baie minder sekerheid; maar dit wil volstrek nie sê dat ons hier altoos in onsekerheid verkeer nie. Die omstandigheid dat Afr. *kersie*, Ndl. *kers*, Hd. *Kirsche*, wat almal teruggaan op mlat. *ceresia*, almal 'n *k*<sup>2</sup> het, wys daarop dat die *c* van Latyn die klankwaarde van *k* gehad het. Dieselfde is op te merk na aanleiding van Afr. *keiser*, Ndl. *keizer*, Hd. *Kaiser*, uit Lat. *Caesar*, oorspronklik die naam van Julius Caesar, later die titel van die Romeinse keisers.

52. Fonetiek is uit die aard van die saak 'n praktiese wetenskap en het veral te doen met die beskrywing van bestaande klanke. So opgevat, word die vak genoem *praktiese* of *beskrywende fonetiek*. Behalwe dit te doen, kan die fonetikus egter ook nagaan hoe klanke ontstaan het: in hierdie geval heet die wetenskap *historiese fonetiek* of *fonologie*.<sup>3</sup>

<sup>1</sup> Vgl. *Nieuwe Taalgids*, 18, bl. 74.

<sup>2</sup> Eng. *cherry* het ook vroeër 'n *k* gehad, wat, ten gevolge van spesiaal Engelse klankwette, oorgegaan het tot *ch*.

<sup>3</sup> Vgl. Jespersen, *Philosophy of Grammar*, bl. 35.

Die twee kante is nie altoos te skeie nie : wie vertel dat die *g* van *geld* meer vorentoe gevorm word as die van *goed*, die sal ook vertel waarom.

53. Goed opgevat, behoort daar geen wesentlike verskil te bestaan tussen historiese taalkunde en historiese fonetiek nie, dog dit is maar alte dikwels nog wel die geval (vgl. § 21), tot groot afbreuk vir die eerste.

54. Daar kan nie genoeg nadruk op gelê word dat fonetiek 'n praktiese wetenskap is nie. Daar bestaan 'n groot gevaar vir die dosent om die praktiese kant te verwaarloos en nie genoeg te ondersoek of leerlinge die klanke in kwessie ook kan uitspreek nie. Aan die ander kant het die leerling behoefte aan 'n leermeester nie alleen om leiding te gee nie, maar veral ook om na te gaan of, klanke reg uitgespreek word. Iemand kan lank in die waan verkeer dat hy klinkers stemloos uitspreek, terwyl hy hulle al die tyd net fluister ; die Hollandse Afrikaner kan vas oortuig wees dat hy in staat is om 'n stemlose eksplousief in Engels te aspireer, m.a.w. 'n *h* te laat volg (bv. die *p* van Eng. *pin*, wat foneties as **p<sup>h</sup>in** voorgestel word), terwyl hy intussen wel 'n *h* laat hoor, maar nie die vereiste stemlose nie, dog die stemhebbende van sy eie taal. Om die studie werklik vrugbaar te maak, mag die klasse by die onderwys in fonetiek ook beslis nie te groot wees nie.

## HOOFSTUK II.

### DIE SPRAAKORGANE. ASEM EN STEM.

55. Wie studie wil maak van fonetiek, die uitspraak en vorming van spraakklanke, die moet vertrouwd wees met die bou en die funksies van die spraakorgane. Dis nie nodig om in besonderhede te gaan, soos in sommige werke oor fonetiek gedoen word nie, maar 'n helder begrip omtrent die hoofpunte is onontbeerlik. Wie dit nie reeds gedoen het nie, moet die binneste van die mond goed ondersoek deur middel van 'n handspieëltjie, waarby gesôre moet word om met die rug na die lig geplaas te wees.

56. Ook later sal veel gebruik moet gemaak word van die handspieël, want dis gewoonlik moontlik om, in minder of meerder mate, die spraakorgane waar te neem by die uitspraak van 'n klank. So kan maklik gesien word dat die agterste gedeelte van die tong meer vorentoe is by die *k* van *kies* as by die van *koop*, of dat die punt van die tong meer vorentoe is by die *t* van 'n Hollander as by die van 'n Afrikaner. Wie so iets met die oog waargeneem het, sal die geval veel beter vat. Daarom moet die student van fonetiek veral nie verflou nie om, waar enigszins moontlik, goed

waar te neem hoe die spraakorgane funksioneer en ons wil met nadruk daarop wys dat beginners maar alte dikwels meen dat hulle weet wat in hulle mond gebeur, terwyl dit miskien glad nie die geval is nie.

57. Ons moet die student egter dadelik waarsku teen illusies. Daar is baie meer punte wat nie met die oog kan waargeneem word nie as wat wel gesien kan word, waarby op ander middels, die gevoel bv., teruggeval moet word. Dit doen ewenwel niks af aan wat in die vorige twee paragrawe gesê is nie.

58. Die noodsaaklike omtrent die spraakorgane word in die volgende paragrawe gegee. Tekening 1 gee alles te sien wat daarby essensieel is.

59. Omtrent die *lippe* en *bo-* en *ondertande* hoef ons nie te praat nie. Aan die monddak onderskeie ons, van voor af agtertoe, drie hoofgedeeltes: die *tandwortels*, die *hardegehemelte* en die *sagtegehemelte*.

60. Die *tandwortels* is die gedeelte wat van die botande af agtertoe loop, versover dit enigszins bolvorming is. Waar die monddak hol word, kry ons die *gehemelte*: versover dit hard is, heet dit *hardegehemelte*; die *sagte* gedeelte heet *sagtegehemelte*.

61. Die *sagtegehemelte* loop uit in 'n punt, wat genoem word *huig*<sup>1</sup> of, in die alledaagse taal, *kleintongetjie*. Aan weerskante van die huig vorm die *sagtegehemelte* 'n halfboog (kyk tek. 1).

62. Die *sagtegehemelte* kan slap ahang (kyk tek. 1), of dit kan gespanne en so opgetrek word. As dit heeltemal opgetrek word, gaan dit vas teen die keelwand (kyk tek. 2): nou is die neuskanaal afgesluit. In die eerste geval is die neuskanaal oop, geheel of gedeeltelik.


63. Die *sagtegehemelte* dien dus o.a. as *gehemelteklep*, om die weg na die neus hetsy oop te maak, hetsy af te sluit. Daar's 'n populêre voorstelling as sou die *kleintongetjie* die neuskanaal afsluit, wat onmoontlik is. As die neuskanaal toe is, hang die huig tog nog af (kyk tek. 2).

64. Die oppervlakte van die monddak kan met die punt van die tong of met die vinger gevoel word, maar dit kan veral gesien word in die handspieëltjie. Sowel die een as die ander moet gedoen word. Om die *sagtegehemelte* goed waar te neem en veral sy funksies, moet die tong plat gehou word met die vinger of 'n potlood.

65. By die oppervlakte van die tong onderskeie ons eweneens drie hoofgedeeltes. As ons uitgaan van die posisie van rus, dan word die gedeelte van die tong wat teenoor die *sagtegehemelte* lê genoem die *agter*, die gedeelte teenoor die *hardegehemelte* heet die *voor* en die gedeelte teenoor die *tandwortels* word genoem die *blad*. Die *blad* sluit in die *punt*.

<sup>1</sup> Die internasionale term is *uvula*.

Soms word onderskeie tussen die blad en die punt: met blad word dan bedoel die gedeelte van die oppervlakte vlak agter die punt tot aan die „voor”. Soms word ook gepraat van die *middel* (van die tong), waarmee dan bedoel word die agterste gedeelte van die „voor” en die voorste gedeelte van die „agter”.



Tek. 1<sup>1</sup>.—Die Spraakorgane.

A: agter van tong, B: blad van tong, H: hardegehemelte, K: kleintongetjie, KD: keeldeksel, KH: keelholte, KW: keelwand, L: lippe, LP: lugpyp, S: sagtegehemelte, SB: posisie van stembande, SD: slukderm, SH: strottehoof, T: tande, TW: tandwortels, V: voor van tong, W: wortel van tong.

66. Die tong is 'n baie beweglike en lenige spraakorgaan, veel bewegliker en leniger as enige ander orgaan. Hy kan die verskillendste vorme aanneem: puntig, plat, bolvormig, gebuie. Die punt kan op die verskillendste plekke artikuleer en gebring word tot aan die begin van die sagtegehemelte. Die res van die tong kan eweneens verskillende stande inneem ten opsigte van die monddak.

<sup>1</sup> Met vriendelike toestemming van Prof. Jones, oorgeneem uit Trofimov—Jones, *Pronunciation of Russian*.



Dit het geen praktiese waarde om die onderlinge belangrikheid van die spraakorgane te probeer nader bepaal nie, maar die tong is seker wel die belangrikste spraakorgaan. As basis van indeling van die spraakklanke staan dit vooraan.

67. Die ruimte in die mond tot en met die sagtegehemelte heet die *mondholte*. Die ruimte agter die mondholte heet die *keelholte*,<sup>1</sup> wat aan drie kante begrens is deur tong, mondholte en keelwand.

68. In die keelholte loop uit die *lugpyp* en die *slukderm*. Die boonste gedeelte van die lugpyp heet *strottehoof*<sup>2</sup>, waarvan die voorste gedeelte veral by mans in 'n punt uitloop, bekend as die *adamsappel*.

69. Net bo die strottehoof is daar 'n orgaan soos 'n tong, wat *keeldeksel* genoem word. Veronderstel word dat dit, wanneer 'n mens sluk, deur sametrekking die lugpyp afsluit; as 'n mens jou versluk, sou dit dan nie gebeur het nie of nie in voldoende mate nie.

Die ruimte in die neus heet die *neusholte*.

#### ASEM EN STEM.

70. In die strottehoof is daar twee organe wat op twee rande gelyk en in horisontale rigting loop, van voor af agtertoe. Na die kante toe, d.w.s. weg van die wand van die strottehoof, word hulle dunner. Hierdie twee rande word genoem *stembande*. Die ruimte tussen die twee stembande heet *stemspleet*.

71. Die funksionering van die stembande vertoon baie ooreenkoms met die van twee lippe. Die stembande is voor vas aan mekaar; agter is hulle los van mekaar, sodat hulle van mekaar verwyder of na mekaar toe kan gebring word.

As hulle oop is (bv. by die uitspraak van *f*), neem hulle 'n v-vorm aan. Op die manier ontstaan *asem*. Deur spanning kan hulle egter ook na mekaar toe gebring word. As hulle mekaar lossies raak (bv. by die uitspraak van 'n klinker), word die stembande deur die uitgaande asem in trilling gebring. Hierdie trillinge van die stembande veroorsaak geluidgolwinge, wat deur die oor as *stem* waargeneem word.

Die stembande kan ook heeltemal afgesluit word. By die verbrekking van die sluiting ontstaan dan iets soos 'n ligte hoesie, wat in die fonetiek bekend staan as die *stembandeksplosief* (kyk § 520).<sup>3</sup>

72. Spraakklanke word gewoonlik uitgespreek met die stembande in een van twee posiesies: hetsy in die stand vir asem, bv. by *f* en *p*; hetsy in die stand vir stem, bv. by *w*, *b* en die klinkers. In die eerste geval het ons *stemlose* klanke, in die tweede geval *stemhebbende* klanke.

<sup>1</sup> Die internasionale term is *pharynx*.

<sup>2</sup> Die internasionale term is *larynx*.

<sup>3</sup> Die stembande is nie te sien met behulp van 'n gewone spieël nie, wel deur middel van 'n laringoskoop of keelspieël.

Spraakklanke kan ook uitgespreek word met die stembande heeltemal afgesluit. Dit is gewoonlik nie die geval in Afrikaans nie, maar gebeur tog by die aanvang van klinkers in seker posiesies (vgl. § 519).

73. Na 'n klein bietjie oefening kan iemand maklik hoor en voel of 'n klank stemloos of stemhebbend is. Dit kan ook uitgemaak word deur middel van verskillende eenvoudige proewe, waarvan ons die volgende twee noem : (a) stop die ore toe met twee vingers en spreek uit 'n *w* en 'n *f* : by die eerste, die stemhebbende, word 'n gegons waargeneem in die agterhoof, by die tweede, die stemlose, daarenteë niks ; (b) spreek dieselfde klanke uit en voel onderwyl met die duim en die twee voorste vingers aan weerskante van die strottehoof : in die eerste geval word die trillinge van die stembande duidelik gevoel, terwyl hulle in die tweede geval afwesig is.

74. Wanneer die stembande deur spanning na mekaar toe gebring word, kan die mate van spanning kleiner of groter wees, ten gevolge waarvan die stembande self korter of langer is. Hieroor en oor die uitwerking wat dit het op stem (die klinker) sal nader gehandel word by die klinkers, veral in verband met toonhoogte.

### FLUISTER.

75. Die twee stembande is aan die agterkant vasgeheg aan twee kraakbeentjies. Die stembande self kan heeltemal afgesluit wees, terwyl hierdie twee kraakbeentjies oop is. Dit word aangeneem dat dit die geval is by *fluister*.

76. By hardop spreek word stemlose klanke uitgespreek met asem, stemhebbende daarenteë met stem. By fluister bly stemlose klanke dieselfde, d.w.s. hulle word uitgespreek met asem ; in die geval van stemhebbende klanke daarenteë word stem vervang deur fluister. Daar is dus geen verskil tussen bv. 'n *p* by hardop spreek en die by fluister nie, afgesien van die meerder of minder krag van die asem ; daarenteë is daar wel deeglik verskil tussen bv. 'n *b* of 'n klinker by hardop spreek en die by fluister.

77. Daar's egter verskillende soorte van fluister behalwe die wat beskrywe is in §75. Dit word aangeneem dat die stembande by die ander soorte 'n tussenstand inneem tussen die vir asem en die vir stem.

Verder word aangeneem dat die krag van fluister versterk word deur die werking van twee ander organe, nl. die *vals stembande* en die keeldeksel. Die *vals stembande* lyk na die gewone stembande, maar is kleiner. Hulle is bevestig in die strottehoof, maar hoër as die gewone stembande. Dit word aangeneem dat die keeldeksel saamtrek by wat genoem word „toneelfluister.”

**Literatuur.**—Oor fluister en stem word veral verwys na Dumville *Science of Speech*<sup>2</sup>, bl. 16-26 en De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*,<sup>2</sup> §§ 65-69.

## HOOFSTUK III.

## VOKALE EN KONSONANTE.

78. Spraakklanke word voortgebring deurdat die spraakorgane die uitgaande asem wysig op 'n bepaalde manier en op 'n bepaalde plek in die spreekkanaal, van die stembande boontoe.<sup>1</sup> Daar is drie moontlikhede :—

(i) Die stembande word in trilling gebring deur die uitgaande asem, maar die spreekkanaal nie sodanig vernou dat daar 'n duidelik hoorbare geruis ontstaan nie. Klanke wat so gevorm word heet vokale of klinkers : bv. *i* en *a*.

(ii) Die uitstromende asem word deur vernouing van die spreekkanaal teëgehou, maar nie afgesluit nie, wat 'n duidelik hoorbare geruis ten gevolge het. Die stembande kan tril of passief bly. Klanke wat op hierdie manier gevorm worde heet vernouingsklanke : bv. *f* of *w*.

(iii) Die uitstromende asem word op die een of ander plek in die spreekkanaal afgesluit en die sluiting daarna verbreek, wat 'n klein ontploffing laat ontstaan. Die stembande kan tril of passief bly. Klanke wat so gevorm word heet afsluitingsklanke : bv. *p* en *b*.

79. Die verskil tussen (ii) en (iii) is een in graad, nie in wese nie ; die tussen (ii) en (iii) aan die een kant en (i) aan die ander is een in wese. (ii) en (iii) word dan ook saamgevat onder die naam *konsonante* of *medeklinkers*. Spraakklanke, van watter taal of van watter aard ook, word verdeel in twee hoofgroepe : *vokale* en *konsonante*.

80. 'N *vokaal*, by die normale<sup>2</sup> manier van praat, is 'n stemhebbende spraakklank, waarby die asem, wanneer die klank voortgebring word, 'n ononderbroke gang het deur mond of neus, òf deur beide mond en neus, sonder om duidelik hoorbare wrywing êrens te laat ontstaan.

Die vokaal is die kern van die lettergreep en 'n klank wat 'n lettergreep vorm doen vokaalwerk.

<sup>1</sup> Vir klapklanke en ingeasemde klanke (kyk hoofstuk XIX) sou hierdie omskrywing nie heeltemal korrek wees nie. Die eerste kan egter vir Afrikaans nie tot die spraakklanke gereken word nie, terwyl die tweede net 'n hoogs enkel keer aangewend word.

<sup>2</sup> „Fluister” sal ons „abnormale manier van praat” noem.

81. 'N medeklinker is dus 'n klank waarby vernouing of afsluiting van die spreekkanaal plaasvind, met of sonder stem, en waarby daar 'n duidelik waarneembare geruis gehoor word.

82. Soos in § 79 reeds opgemerk, is daar 'n essensiële verskil tussen klinkers en medeklinkers. By medeklinkers moet hetsy vernouing, hetsy afsluiting van die spreekkanaal aanwesig wees, terwyl stem fakultatief is. By klinkers mag daar geen sodanige vernouing wees dat 'n duidelik hoorbare geruis ontstaan nie, terwyl stem altoos aanwesig is.

By die geslote klinkers (kyk § 115) word wel 'n geruis waargeneem, maar dis nie duidelik waarneembaar, soos by 'n medeklinker nie. Dan kan klinkers ook sonder stem gevorm word. So laat ons 'n stemlose *i* hoor by verwondering en 'n stemlose *oe* by vermoedheid. By die normale manier van spreek egter is die klinkers altoos stemhebbend.<sup>1</sup>

83. Die organiese verskil tussen klinkers en medeklinkers het 'n akoestiese verskil ten gevolge, wat nog groter is, maar nie so 'n praktiese basis van indeling uitmaak nie. Hierdie laaste verskil bestaan uit die relatiewe *sonoriteit* of *klankrykheid*. Die klinkers is nl. aanmerklik klankryker as die medeklinkers.

Die relatiewe *klankrykheid* van die klanke in die algemeen sal nader behandel word in verband met die lettergreep (vgl. hoofstuk XXI).

**Opm.**—In hierdie lig beskou, is die vreemde benaminge „vokaal” en „konsonant”, waarvan die Hollandse terme „klinker” en „medeklinker” bloot 'n vertaling is, nie sleg gekies nie. „Vokaal” is afgelei van Lat. *vocalis*, wat eintlik 'n bnw. is en waarby die snw. *littera* moet gedink word; die geheel beteken „klankryke letter”. „Konsonant” is afgelei van Lat. *consonans*, wat eweneens 'n bnw. is en waarby *littera* ook moet gedink word; die geheel beteken „medeklinkende letter”.<sup>2</sup> 'N fonetikus sou natuurlik nie vandag van „letter”<sup>3</sup> praat nie.

84. 'N vernouingsklank kan aangehou word so lank as die asem strek; dis 'n *voortsettingsklank* (*kontinuant*), soos trouens ook 'n klinker. 'N afsluitingsklank kan nie aangehou word nie; dis 'n *momentane klank*.

<sup>1</sup> Dis 'n goeie oefening om elke klinker stemloos te leer uitspreek.

<sup>2</sup> Die Romeine het die terme weer vertaal uit Grieks. Dit is gewoonlik die geval met Latynse taalkundige of liewers grammatikale (van taalkunde was daar eintlik nog geen sprake nie) terminologie, vgl. Delbrück, *Einleitung* bl. 1 volg. en Jespersen, *Language*, bl. 19 volg.

<sup>3</sup> Die Grieke en Romeine het altoos gepraat van „letters” i.p.v. klanke vgl. Delbrück, *ald.*, bl. 2. Nog die vorige eeu is dit reël by beroemde taalgeleerdes, o.a. die vermaarde Jacob Grimm, vgl. Jespersen, *ald.*, bl. 43, 46 en 66. Ongelukkig word dit nog dikwels gedoen en nie net deur leke nie. Daar kan nie genoeg teen hierdie gebruik gewaarsku word nie, want 'n taal bestaan uit klanke, nie uit letters nie (vgl. § 13).

## HOOFSTUK IV.

## AKOESTIES EN ORGANIES.

85. By die uitspreek van 'n klank kan gelet word op die indruk wat dit op die oor maak. So kan opgemerk word dat die *ie* van *nies* dunner, helderder, hoër klink as die *uu* van *nuus*. Wie op hierdie wyse te werk gaan nader die klanke van die *akoestiese* kant.

86. Aan die ander kant kan by genoemde *ie* en *uu* gelet word o.a. op die lipstand: by *ie* is die lippe spleetvormig, terwyl heelwat van die voortande sigbaar is; by *uu* daarenteë word die lippe gerond, sodat net die boonste rand van die twee of drie middelste ondertande sigbaar is. Wie in hierdie rigting te werk gaan nader die klanke van die *organiese* kant. Waar in die eerste geval gelet word op die gehoorbeeld deur die klank gewek, is dit in die tweede geval die manier van vorming wat die aandag vra, m.a.w. die artikulasie van die klank.

87. Sommige fonetisie, en daaronder vername vakmanne, het eensydig party gekies vir die een of ander kant. Volgens sommige fonetisie is die klankbeeld verreweg die vernaamste, omdat dit die eerste opgemerk word, dus primêr is; ander fonetisie daarenteë betoog dat die artikulasie van die meeste belang is en dit derhalwe die uitgangspunt moet wees.

88. Intussen is dit merkwaardig dat in die gewone handboeke oor fonetiek in hoofsaak gehandel word oor die vorming van klanke, nie oor hoe hulle klink nie. By nader ondersoek is dit volstrek nie vreemd nie. Van die praktiese kant immers is die artikulasie, m.a.w. die stand van die spraakorgane, die enigste moontlike basis vir die indeling en behandeling van spraakklanke, omdat: eerstens, die stand van die spraakorgane deurgaans in minder of meerder mate waar te neem is; ten tweede, so ver veel te min bekend is van die akoestiese kant van die onderwerp om daarop 'n indeling van die klanke te baseer.

89. Daar mag egter volstrek nie gedink word dat die twee kante van die vak van mekaar kan geskeie word nie. Ook by die eensydigste verteenwoordigers van die een of ander kant word geeneen van die twee suiwer aangetref nie: die organikus maak telkens opmerkinge wat gebaseer is op akoestiese waarneminge; die akoestikus kan aan die ander kant nie sonder die artikulatoriese sy klaarkom nie.

90. Die twee kante van die vak moet dan ook saamgaan. In die allereerste plaas moet die oor geskerp word om die klankbeeld goed op te vang en, waar nodig, fyn akoestiese verskille waar te

neem ; dan moet nagegaan word wat die vereiste organiese stand is. Wie nie so te werk gaan nie en bv. die akoestiese kant verwaarloos, die loop gevaar om allerlei minder belangrike of onbelangrike punte na vore te bring, ten koste van essensiële punte. Aan die ander kant gebeur dit dikwels dat die akoestiese karakter van 'n klank eers dan goed gevat word wanneer bekend is wat die vereiste stand van die spraakorgane is. Die persoon met kennis van sake ontmoet genoeg voorbeelde sowel van die een as van die ander.

91. In hierdie werk word die organiese kant as basis aangeneem by die indeling en beskrywing van die klanke. Hier moet egter aan toegevoeg word dat die akoestiese kant baie swaarder weë by die klinkers as by die medeklinkers, soos ter plaatse nader sal blyk.

**Literatuur.**—'N breedvoerige en diepgaande bespreking, met uitgebreide literatuur, oor die twee kante van die vak is te vind by Jaspersen, *Phon. Grundfragen*, bl. 65-104.

## HOOFSTUK V.

### INDELING EN BESKRYWING VAN VOKALE.

#### DIE STUDIE VAN VOKALE.

92. By die studie van vokale speel die akoestiese eienskappe van die betrokke klanke 'n baie belangrike rol, veel belangriker as by die van medeklinkers. Wie fonetiek ken, kan uit 'n goeie, volledige beskrywing van 'n konsonant 'n taamlike voorstelling kry van die uitspraak daarvan. By 'n klinker staan die saak heeltewel anders (vgl. § 91).

93. Die leek sal hom natuurlik daarop toelê om deur nabootsing van die klinker in kwessie die uitspraak te kry. Onderwysers wat met fonetiese metodes nie vertrou is nie, vind dit soms 'n hopelose taak om Engelse, en uitlanders in die algemeen, met die Afrikaanse klanke volkome vertrou te maak, want gewoonlik gaan die uitlander of analogies te werk en stel die vokale van die moedertaal in die plek van die Afrikaanse, of die nabootsing deur die ongeoeffende oor is so hopeloos onvertroubaar dat klinkers uitgespreek word wat nóg met die van die eie taal, nóg met die van die nuwe aan te lere taal ooreenkom.

94. 'N vanselfsprekende vereiste is dus 'n geoeffende oor, wat die kleinste akoestiese verskille kan waarneem en lokaliseer. Nie alleen egter moet iemand dit kan waarneem met die oor nie, hy moet ook in staat wees om 'n getroue weergawe te gee van die